SIEKTE KAN MEER AS JOU GESONDHEID RUÏNEER

Oktober is borskanker-bewustheidsmaand. Borskanker is maar net een van die talle toestande waarvan die behandeling die noodsaak van 'n mediese fonds beklemtoon.

"Jy het rede om bekommerd te wees as jy nie tot 'n mediese fonds behoort nie. Jou mediese uitgawes kan astronomies wees as 'n toestand soos borskanker gediagnoseer word, en dit is 'n mite dat dit net by vroue voorkom. Al die mediese uitgawes kan jou selfs finansieel ruineer," sê me. Linza van Aswegen, voorsitter van die vereniging van finansiële tussengangers (FIA) se uitvoerende komitee op gesondheidsorg

Mediese versekering, en spesifiek lidmaatskap van 'n mediese fonds, het vanweë gevorderde, duur tegnologie en gespesialiseerde medikasie, asook die behandeling van en nasorg vir siektetoestande, noodsaaklik geraak.

"Mediesefondsopsies en al die verskillende voordele en terminologie daarvan is uiters ingewikkeld en word deur spesialiste aan mense verduidelik sodat hulle 'n opsiekeuse kan uitoefen wat gepas en bekostigbaar is te midde van die snel veranderende gesondheidsorgbedryf. Die makelaar, in sy rol as adviseur, ken die ingewikkelde produkte, talle reëls en regulasies en die wetgewing oor mediese fondse en besef die noodsaak van bystand en nasorg wat aan die fondslid verskaf moet word," sê Van Aswegen.

Die keuse van 'n mediese fonds en 'n gepaste opsie is sekerlik die belangrikste besluit wat 'n voornemende lid moet neem. "Belangrike vrae moet gevra word soos hoeveel lede tot die fonds behoort, die aantal lede in die onderskeie ouderdomsgroepe en die gemiddelde ouderdom. Hoe hoër die gemiddelde ouderdom van lede (asook die persentasie pensioentrekkers), hoe groter is die finansiële risiko vir so 'n fonds.

"Neem ook in ag dat hoe kleiner die risikopoel van 'n mediese fonds is, hoe groter is die kans dat 'n groot eis 'n nadelige impak daarop kan hê," sê sy.

Die solvensievlakke wat wetgewing voorskryf, is beslis 'n faktor om in ag te neem. Ook ledetalle, wat bedankings en nuwe aansoeke insluit, moet in ag geneem word wanneer 'n skema se solvensievlak te laag of veel hoër as die voorgeskrewe 25% is aangesien bedankings van lede asook nuwe aansluitings 'n invloed daarop kan hê.

"Indien 'n fonds nie genoeg geld beskikbaar het om die gesondheidsorgeise te betaal nie, is daar ongelukkig ook nie geld beskikbaar om voorsiening te maak vir voorgeskrewe reserwes nie en kan dit selfs beteken dat die fonds sy reserwes moet gebruik om lede se eise te kan betaal. Die finansiële state van die fondse is beskikbaar ter insae. Daardeur kan die fonds se langtermyn- finansiële oorlewing bepaal word," sê sy.

Me. Linza van Aswegen, voorsitter van die vereniging van finansiële tussengangers (FIA) se uitvoerende komitee op gesondheidsorg

Vra die regte vrae:

Wie beheer die administrasie van die fonds? Hoe doeltreffend word die amptelike administrasie gehanteer? Hoe doeltreffend is die inbelsentrum? Hoe lank is die tydperk wat verloop vandat 'n eis deur die diensverskaffer ingestuur word totdat dit uitbetaal word? Dit is belangrik om te weet of die lid op die fonds kan staatmaak vir goeie diens. Is die fonds bekostigbaar in terme van die voordele wat aangebied word? Met inagneming van die bogenoemde, word die onontbeerlike en belangrike funksie van die gesondheidsorgmakelaar weer eens bevestig. FIA-makelaars is geakkrediteer by die Raad op Mediese Skemas, voldoen aan FAIS-wetgewing en staan die verbruiker op 'n professionele wyse by met hul keuse van 'n mediese fonds, sê Van Aswegen

Duisende gelisensieerde en ervare finansiële tussengangers gebruik die FIA vir ondersteunig wanneer dit benodig word. Dit is ons besigheid om waarde toe te voeg tot ons lede en hulle praktyke. Die FIA verseker al sy lede van die beste industrie verteenwoordiging, wat hulle aanmoedig en toerus om hul kliënte met die nodige onderskeiding en professionaliteit te kan ondersteun. Mense se lewens hang daarvan af.

Vir verdere inligting, besoek **www.fia.org.za**.

fia
Financial Intermediaries Association of Southern Africa